

# Geopende Deure GEBEDSKALENDER



Here!

Lig asseblie U oë op en  
kyk na U mense.

Dit is 70 jaar sedert die  
skeiding.

Ons het in U oë niks  
gedoen om op trots te  
wees nie,

Maar ons is steeds U  
mense, gemerk met h̄  
seël.

Aangesien ons h̄ eed  
geneem het om volgens  
U Woord te leef,  
Is ons almal, oë en  
ore vir U.

Ná die 70 jaar is ons  
verheug, maar tog vol  
ontsag,

Soos wat ons ondanks  
al ons foute vir U  
beslissende geskenk wag.  
Saam met geloof bewe  
ons in vrees.

Anders kan die tragiese  
skeiding tot h̄ lang sug lei  
Van die generasies wat  
kom.

Here! Hē asseblief  
deernis met U kinders.

h Gebed deur Lee Sang-Sook,  
h Christen van Suid-Korea.



## Lande met uiterste vervolging

### 1 Afganistan

Dit is onmoontlik om in Afganistan openlik as h Christen te leef. Bid dat gelowiges ondanks hul isolasie versterk en bemoedig sal word, en dat God "siende oë blind" sal maak sodat hulle geloof nie ontdek sal word nie.

### 2 Noord-Korea

Die ontdekking van jou Christengeloof, is h doodsvonis in Noord. Bid vir krag en oorlewing vir Noord-Korea se geheime gelowiges en dat God die vestings van die Kim-heerskappy sal afbreek.

### 3 Somalië

Dit is onmoontlik om jou Christelike geloof openlik te erken in Somalië, omdat dit daartoe kan lei dat gelowiges summier doodgemaak word. Bid dat h sterke Kerk onder die Somaliese mense sal groei ondanks die gevaar.

### 4 Libië

Daar is geen vryheid van spraak, godsdienstvryheid of moontlikheid van h openbare kerklike in Libië nie. Bid dat Libiese Christene wat onder geweldige druk is, God se vrede sal ervaar.

### 5 Jemen

Christene in Jemen hou gewoonlik hul geloof geheim; indien dit ontdek word, kan hulle die doodstraf kry. Bid dat geheime gelowiges wysheid en onderskeidingsvermoë sal hê terwyl hulle mekaar ondersteun.

### 6 Eritrea

Christene van nie-tradisionele denominasies in Eritrea ervaar die ergste vervolging. Bid dat die kerkleiers wysheid sal hê om hul regering by die kwessie van godsdienstvryheid te betrek.

### 7 Nigerië

Meer Christene word weens hul geloof in Nigerië vermoor as in enige ander land. Bid dat dié wat oor hul geliefdes rou, God se vrede sal ervaar en dat die regering beslissende optrede sal toepas om alle burgers te beskerm.

### 8 Pakistan

Christene in Pakistan ervaar uiterste vervolging op alle terreine van hul lewens. Bid vir beskerming oor Pakistan se kerke, veral tydens Christelike feeste.

### 9 Iran

Geheime kerke word dikwels aangeval, hul leiers en lede gearresteer en lang tronkstraf opgelê vir "misdade teen nasionale veiligheid". Bid dat Christene wat weens hul geloof gevange geneem word, God se vertroosting sal ervaar.

### 10 Indië

Hindoe-ekstremiste glo dat alle Indiërs Hindoes moet wees en dat die land van Christene ontslae moet raak. Bid vir beskerming teen aanvalle op Indiese gelowiges, veral nuwe Christene.

### 11 Saoedi-Arabië

Christene wat in Saoedi-Arabië bly – waar die regstelsel op Islamitiese wetgewing gebaseer is – loop die risiko van ernstige teenkanting en selfs die dood. Talle mense steek hul geloof weg. Bid vir wysheid en beskerming vir alle Christene wat Jesus volg.



Bid vir gelowiges in Negerië wat elke dag hul lewens waag om hul geloof in Jesus uit te leef.

## Lande met baie hoë vervolging

### 12 Mianmar

Boeddhistiese nasionalisme is baie sterk in Mianmar en meestal die dryfveer agter die vervolging van Christene. Bid dat alle gelowiges in Mianmar samesyn met ander Christene sal geniet sodat hulle mekaar te midde van vervolging kan bemoedig.

### 13 Soedan

Militariste het verlede jaar 'n staatsgreep uitgevoer, twee jaar nadat president Omar al-Bashir se regering omvergewerp is. Die Kerk is op een of ander manier in die middel van die konflik vasgevang. Bid vir God se genade en beskerming vir Christene in hierdie land.

### 14 Irak

Irak het die afgelope paar jaar herhalende gewelddadige betogings ervaar, en die onstabilitet is 'n katalisator vir 'n toename in die vervolging van Christene. Bid dat die geweld sal eindig en dat God se vrede

Christene se harte sal vul – asook dié wat hulle vervolg.

### 15 Sirië

In Dekade van burgeroorlog het Sirië 'n broeiplek vir die vervolging van Christene gemaak. Bid dat Siriëse gelowiges te midde van oorlog en vervolging die lig van hoop in hul gemeenskappe sal laat skyn.

### 16 Malediven

Agter die luukse vakansiebestemming skuil 'n onderdrukkende regime wat onverbiddelik probeer om die eilande 100% Moslem te hou. Bid dat die regering se houding teen Christene en ander godsdienstige minderhede sal versag.

### 17 China

Die Kerk in China hou aan om buitengewone groei te sien. 'n Toename in vervolging word egter die afgelope jare ervaar. Bid vir wysheid vir kerkleiers terwyl hulle hul gemeentes lei te midde van toenemende beperking.

## **18 Katar**

Katarese Christene vanuit h Moslem-agtergrond ervaar aansienlike vervolging, veral vanaf hul families. Bid dat geheime gelowiges se families en gemeenskappe hulle sal toelaat om vrylik te aanbid.

## **19 Viëtnam**

Met sy Boeddhistiese meerderheid vind die mees intense vervolging in Viëtnam plaas teen nie-tradisionele Protestante en bekeerlinge vanaf inheemse godsdienste. Bid dat die agterdog teen Christene vervang sal word met h waardering vir hul waarde in die samelewing.

## **20 Egipte**

Die vervolging van Christene vind meestal op gemeenskapsvlak plaas. Bid dat Christene ondanks vervolging die moed sal hê om die lig van Christus in hul gemeenskappe te laat skyn.

## **21 Oesbekistan**

Geen godsdienstige aktiwiteite, buiten staatsbeheerde instellings, word in hierdie hoogs outhoritêre staat toegelaat nie. Vra die Heilige Gees om gelowiges te midde van moeilike omstandighede te bemoedig, toe te rus en te bemagtig.

## **22 Algerië**

Die meeste Christene in Algerië is bekeerlinge vanaf Islam. Hulle loop die gevaa van vervolging deur hul uitgebreide familie en breër gemeenskap. Bid vir beter verhoudings tussen Christene en die plaaslike leiers, en dat dit tot groter respek teenoor die Christendom sal lei.

## **23 Mauritanië**

Die beperkende omgewing in Mauritanië maak dit onmoontlik vir Christene om openlik bymekaar te kom. Bid dat die

wetgewing sal verander sodat dit nie meer onwettig is om Islam te verlaat nie en dat gelowiges geleenthede sal kry om die Evangelie te deel.

## **24 Mali**

Die staatsgreep van 2020 het Mali se politieke onstabiliteit vererger, wat die deur vir Islamitiese ekstremiste oopgemaak het. Bid dat Christene wat deur voortdurende dreigemente geteister word, deur die Heilige Gees versterk sal word.

## **25 Turkmenistan**

Die regering en samelewing is hoofsaaklik vir die vervolging van Christene in hierdie onderdrukkende Islamitiese staat verantwoordelik. Bid vir h verslapping van die streng beperkings op gelowiges en kerke.

## **26 Laos**

Christelike aktiwiteite word streng gemonitor deur kommunistiese overhede, insluitende dié by geregistreerde kerke. Bid dat gelowiges wat onder druk is om hul geloof prys te gee, sal sterk te staan.

## **27 Marokko**


Bekeerlinge tot Christenskap ervaar teenkanting van hul familielede, wat hulle probeer verhoed om hul nuwe geloof in die openbaar te beoefen. Bid vir krag en beskerming vir gelowiges wat teenkanting van hul families ervaar.

## **28 Indonesië**

Die Indonesiese samelewing het die afgelope jare toenemend meer Islamities geword. Bid vir krag vir Christene wat deur hul Moslem-familie en die samelewing verwerp word. Bid ook dat Indonesië steeds teen aanvalle deur militante groepe beskerm sal word.



## MAART



Ons het jou verlede jaar gevra om vir Poh\* van Viëtnam te bid, wat deur sy pa aangerand is omdat hy sy Christelike geloof openlik verklaar het. Hy is dankbaar vir jou volgehoue gebede en ondersteuning.

*"Ek prys God vir Sy volgehoue beskerming oor my en my familie... Ek is uiters dankbaar vir die ondersteuners wat my en my familie steeds in hul gebede onthou. Ek bid vir God se seeën oor julle en jul families," sê Poh.*

### Lande met baie hoë vervolging (vervolg van Feb)

#### 29 Bangladesj

Die samelewings in Bangladesj is besig om meer Islamities te raak, met die regering wat al meer doen om Moslem-bittereinders se bekommernisse aan te spreek. Bid dat Christen-bekeerlinge teen toenemende geweld beskerm sal word.

#### 30 Colombia

Hoewel Colombia grootliks 'n Christeland is, word die vervolging van gelowiges al erger. Bid vir krag en beskerming vir Christene wat in die gebiede bly wat deur guerrilla- en kriminele groepe beheer word.

#### 31 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Die Sentraal-Afrikaanse Republiek (SAR) ervaar sedert 2013 voortdurende konflik en gevegte. Bid dat stabiliteit en vrede na die SAR sal terugkeer en dat God die harte van militante wat Christene teiken, sal verander.

#### 32 Burkina Faso

Ekstreemistiese aanvalle verdryf volgelinge van Jesus uit hul huise en dorpe, met baie wat gedwing word om na vlugtelingskampe te gaan. Prys God dat daar minder gewelddadige aanvalle is. Bid dat vrede na die land sal terugkeer.

#### 33 Niger

Die Sahel-streek het die afgelope ses jaar 'n groot toename in gewelddadige Islamitiese aanvalle ervaar, met die regering wat heelwat grondgebied aan die Jihadiste afstaan. Bid vir wysheid vir die regering om

(Niger vervolg)

hierdie toename in geweld te hanteer, wat gelowiges nadelig kan beïnvloed.

### **34 Bhoetan**

Daar word van alle Bhoetanese burgers verwag om Boeddhistie te wees en enigeen wat Boeddhistisme verlaat, word met agterdog dopgehou. Bid vir wysheid vir dié wat kerke lei wat dopgehou word.

### **35 Tunisië**

Christene wat vanaf Islam bekeer, is die kwesbaarste vir vervolging – dikwels deur hul eie familielede en die omliggende samelewings. Bid dat gelowiges regoor Tunisië wat Jesus volg met hernude lewenskragtigheid en geloof gevul sal word.

### **36 Oman**

Islam is die staatsgeloof en daar word aangeneem dat alle Oman-burgers Moslems is. Bid dat God deure sal oopmaak en geleenthede sal verskaf vir gelowiges om ander meer oor Jesus te vertel, en dat geïsoleerde gelowiges samesyn met ander gelowiges sal kan hè.

### **37 Kuba**

In hierdie sosialistiese diktatorskap word die teenwoordigheid van ander sosiale rolspelers soos die Kerk, burgerlike samelewingsorganisasies en internasionale organisasies nie toegelaat nie. Bid vir verandering in Kuba sodat daar godsdienstvryheid vir alle gelowe en mense sal wees.

### **38 Ethiopië**

In Ethiopië hang die mate van vervolging wat 'n persoon ervaar dikwels af van die denominasie waaraan hy behoort. Bid dat Christene van alle denominasies in Ethiopië Christus se opdrag vir eenheid sal nastreef.

### **39 Jordanië**

Hoewel Jordanië daarvan hou om homself as 'n baken van verdraagsaamheid en dialoog tussen gelowe uit te beeld, hou Islamitiese ekstremisme aan om 'n bedreiging vir die Christelike gemeenskap te wees. Bid dat Jordanië se leiers toenemend ontvanklik vir godsdienstvryheid sal wees.

### **40 Demokratiese Republiek van die Kongo**

Christene in die Demokratiese Republiek van die Kongo ervaar van die mees ekstreme geweld in die wêreld. Bid dat God diegene wat Christene gewelddadig aanval se planne sal stuit.

### **41 Mosambiek**

Aanvalle deur Islamitiese ekstremiste en die teenwoordigheid van dwelmkartelle in sommige gebiede dra by tot verhoogde vervolging. Bid vir beskerming teen verdere aanvalle deur Islamitiese ekstremiste en dat God hul planne sal stuit.

### **42 Turkye**

Godsdienstige nasionalisme groei in Turkye, wat 'n toenemende versmorende atmosfeer skep en Christene onder enorme druk plaas. Bid dat dié wat weens hul geloof in Jesus onder druk is, sterk sal staan en dat hul liefde vir Hom sal groei.

### **43 Mexiko**

Kriminele netwerke het regdeur Mexiko versprei, en Christene ervaar die volgehoue risiko dat hulle geteiken kan word omdat hulle teen korruksie en dwelmmisbruik gekant is. Bid dat God gelowiges met vrymoedigheid sal vul om die Evangelie aan te hou verkondig te midde van gevaarlike omstandighede.



Verteenwoordigende foto gebruik.

Bid dat God in die harte van Sentral-Asiatiese lande se leiers sal werk sodat meer godsdiensvryheid toegelaat sal word.

#### **44 Kameroen**

Die Islamitiese ekstremistiese groep, Boko Haram, is aktief in die noorde van Kameroen, en het Christene ontvoer en doodgemaak. Bid vir vrede regoor Kameroen – vra God om die planne van dié wat geweld en haat aanmoedig, te stuit.

#### **45 Tadjikistan**

Dis algemeen vir kerke om deur Tadjikistanse owerhede aangeval te word, en vir kerkgangers om ondervra en selfs gemartel te word. Bid vir krag en uithouvermoë vir pastore en kerkleiers, veral dié wat deur die regering gemonitor en aangehou word.

#### **46 Broenei**

Dit is onwettig in Broenei om Islam vir 'n ander godsdiens te verlaat. Bid vir die sultan van Broenei, dat God sy hart sal verander en Sy liefde en genade aan Hom sal openbaar. Bid ook dat God gelowiges sal beskerm wat vervolging vanaf hul families ervaar.

#### **47 Kasakstan**

Die regering se beheer oor godsdiensstige uitdrukking neem geleidelik toe, wat lei tot toenemende waarneming, aanvalle op kerkbyeenkomste en arrestasies. Bid dat God in die harte van die land se leiers sal werk sodat meer godsdiensvryheid toegelaat sal word.

#### **48 Nepal**

Christene vanuit 'n Hindoe-agtergrond ervaar die meeste druk in Nepal. Wanneer hulle Christene word, word hulle daarvan beskuldig dat hulle hul kulturele identiteit verraai. Bid vir beskerming en ondersteuning vir geïsoleerde en kwesbare gelowiges in afgeleë dorpe.

#### **49 Koeweit**

Oorskakeling vanaf Islam na 'n ander geloof word nie amptelik in Koeweit erken nie. Bid vir beskerming vir dié wat hul geloof geheim moet hou en dat die regering gelowiges meer vryheid sal toelaat om te aanbid en hul geloof te deel.

## **50 Maleisië**

In Maleisië monitor die regering kerke en is dit onwettig om die Evangelie met Maleisiese Moslems te deel. Bid vir godsdienstvryheid regoor die land sodat gelowiges die Goeie Nuus openlik kan deel.

## **51 Kenia**

Hoewel Kenia h land met h Christen-meerderheid is, leef Christene in die noordoostelike en kusgebiede met voortdurende vrees vir aanvalle. Bid dat dié gelowiges God se liefde, vrede en vreugde te midde van moeilike omstandighede salervaar.

## **52 Sri Lanka**

Boeddhistiese heerskappy domineer steeds dié land, met elke Singalees (h Indo-Ariese etniese groep) wat as h Boeddhistie geag word. Christene word gevulglik as tweedeklasburgers behandel. Bid dat God mense in hierdie land se harte sal verander sodat hulle gelykheid sal toelaat, ongeag godsdienstige oortuigings.

## **53 Comore**

Christene in die Comore mag nie hul geloof in die openbaar deel nie. Indien hulle dit doen, staar hulregsgevolge in die gesig. Bid dat hulle God se vrede en beskerming salervaar, en dat hulle ondanks die beperkings geleenthede sal kry om hul geloof veilig te deel.

## **54 Verenigde Arabiese Emirate**

Plaaslike bekeerlinge vanaf Islam verduur die meeste vervolging, terwyl Christen-uitgeweken glad nie toegelaat word om in die openbaar te evangeliseer of te bid nie. Bid dat God gelowiges, ondanks die onderdrukking sal gebruik om Sy boodskap van hoop te versprei.

## **55 Tanzanië**

Outoritêre aksie deur die president skep probleme vir burgers oor die algemeen, en veral vir die Christen-gemeenskap. Bid dat God in die president se lewe en hart sal werk sodat hy mense sal toelaat om hul oortuigings vrylik uit te leef.

## **Lande met hoë vervolging**

### **56 Azerbeidjan**

Geen godsdienstige aktiwiteite buiten staatsbeheerde instellings word toegelaat nie. Staatsagente het blybaar alle godsdienstige gemeentes geïnfiltreer. Bid dat kerke wysheid sal hê in hul optrede en dat God hulle teen staatsagente sal beskerm.

### **57 Palestynse Grondgebiede**

Die invloed van radikale Islamitiese ideologieë is teenwoordig in die samelewing en historiese kerke moet diplomatis wees in hul benadering teenoor Moslems. Kerkleiers word ook deur radikale Jode geteister. Bid vir wysheid vir die Kerk in hul interaksies met hierdie groepe.

### **58 Djiboeti**

Islamitiese strydlustigheid in die land groei en vyandigheid teenoor Christene gaan waarskynlik toeneem. Bid dat God Christene sal toerus om enige vyandigheid wat hulleervaar te verduur en dat hulle hul swaarkry sal gebruik om ander na Hom te lei.

### **59 Kirgistan**

Hoewel Kirgistan nog een van die minder onderdrukkende lande in Sentraal-Asië is vir Christene om in te bly, voel hulle kwesbaar weens die voortslepende chaotiese politieke situasie en die voorstelle vir verdere beperkings. Bid vir krag vir hulle om sterk te staan.



## 1 Vervolgde Christene in die Moslem-wêreld

Môre is die begin van Ramadan vir Moslems wêreldwyd. Bid dat God ons vervolgde familie in Moslemlande se harte sal voorberei terwyl hulle vir die maand van vas voorberei, wat gewoonlik tot h toename in vervolging teen hulle lei.

## Ramadan Begin

### 2 Moslems in die Arabiese Wêreld

Bid dat terwyl talle Moslems gedurende

Ramadan vas, in die hoop dat hulle nader aan Allah sal kom, hulle sal besef dat hul pogings om die ewige lewe te verkry tevergeefs is en dat hulle slegs deur Jesus hoop, vrede en die ewige lewe kan vind.

### 3 Asië

Volgens die webtuiste *Asia Society* is Asië die tuiste van 65% van die wêreld se Moslems. Bid dat terwyl baie van hierdie Moslems gedurende Ramadan vas, die saad van die Evangelie in hulle lewens geplant sal word.

### 4 Indonesië

Christene wil God se liefde wys deur Moslems te respekteer, maar hulle wil nie gedwing word om iets te doen waarin hulle nie glo nie – soos om aan Ramadan-



Verteenwoordigende foto gebruik.

Ramadan is h goeie tyd om in die bres te tree vir ons geloofs familie en vir Moslems...

*"Ek dink Ramadan is h wonderlike tyd om hier in die Arabiese Skiereiland te wees, om by ons families te wees," sê Tamer\*, 'n gelowige in die Arabiese Skiereiland. "My vrou is nog nie h volgeling van Christus nie, maar sy weet dat ek h Christen is. Sy weet dat ek nie vas om aan h wettiese Islamitiese wet gehoorsaam te wees nie, maar omdat ek samesyn met Christus begeer en dat ek vir die Moslems intree omdat ek so lief is vir hulle. Ek weet Satan hou nie hiervan nie, maar ek weet en glo dat h wonderwerk gaan gebeur..."*

(Indonesië vervolg)

tradisies deel te neem. Bid vir vrede en God se beskerming vir diegene wat nie Moslems is nie.

## 5 Bangladesj

Moslem-families sal nie-Moslems gedurende Ramadan nooi om by hulle aan te sluit wanneer hulle hul vas beëindig, maar dit kan ook 'n manier wees waarop hulle probeer om gelowiges lok om na Islam terug te keer. Bid dat God aan hulle krag en wysheid sal gee om sulke uitnodigings met sagmoedigheid van die hand te wys.

## 6 Katar

Hoewel sekere plekke (soos sommige winkelsentrums en restaurante) vrygestel word daarvan om Ramadan waar te neem, moet alle mense Ramadan in die openbaar waarnem, veral bekeerlinge uit vrees dat hul Christenskap ontdek sal word. Bid vir krag vir hulle gedurende Ramadan.

## 7 Somalië

Die reaksie op enigiets wat afwykend is van aanvaarbare Islamitiese gedrag, is intense druk om te konformeer. Bid dat God gelowiges sal beskerm terwyl hulle druk ervaar om onderdanig te wees aan die gebruikte van hul nie-Christen familielede en die samelewing.

## 8 Broenei

Beperkings word geleidelik op die hele bevolking afgedwing, selfs al is hulle nie Moslems nie. Alle restaurante (insluitende nie-Moslem ondernemings) moet bv. gedurende Ramadan toemaak. Bid vir krag vir dié wat in hierdie maand druk ervaar.

## 9 Maledivé

Die Islamitiese maand van vas gedurende Ramadan word as een van die heiligste tye van die jaar beskou. Bid dat families wat saam

vas en maaltye saam geniet, God ernstig sal soek en Jesus sal vind (Matteus 7:7).

## 10 Sub-Sahara Afrika

Ramadan is 'n tyd van verhoogde spanning en eensaamheid vir Christene. Maar dis ook 'n tyd van verhoogde geestelike bewustheid vir Moslems. Bid dat Christene sterk sal staan in hul geloof en dat baie Moslems se reis na Christus in hierdie tyd sal begin.

## 11 Marokko

Hoewel die Marokkaanse samelewing in sommige opsigte relatief liberaal is, word Christene vanaf 'n Moslem-agtergrond in landelike gebiede geboelie as hulle die Moslem-gebruiken verwaarloos, veral gedurende Ramadan. Bid vir krag vir hulle terwyl hulle 'n afknouery ervaar.

## 12 Libië

Alle Christene ervaar tydens Ramadan sosiale druk om hulle daarvan te weerhou om gedurende die dag te eet en te drink; bekeerlinge moet dit doen om te verhoed dat hul Christenskap ontdek word. Bid dat God hulle sal beskerm terwyl hulle Hom te midde van moeilike omstandighede probeer volg.

## 13 Mauritanië

Bekeerlinge vanaf Islam tot Christenskap moet dikwels hul geloof geheim hou en is dus verplig om deel te neem aan Islamitiese of plaaslike godsdienspraktekte soos Ramadan. Bid dat hulle hierdie tyd sal gebruik om tot God te bid en in hul verhouding met Hom te groei.

## 14 Afganistan

Ongeag van 'n Afgaan se Christenskap bekend (bv. in 'n meer verdraagsame familie) of 'n geheim is, word deelname aan Islamitiese aktiwiteite soos Ramadan verwag. Bid



Bid dat God die geharde familielede se harte van Moslemagtergrond gelowiges sal versag.

(Afghanistan vervolg)

vir wysheid vir gelowiges wat hul geloof geheim moet hou terwyl van hulle verwag word om aan die vastyd deel te neem.

## 15 Maleisië

Talle gelowiges vanuit h Moslem-agtergrond kuier gedurende Ramadan by hul families, maar hierdie besoeke kan uiter moeilik wees. Bid dat God die gelowiges sal gebruik om geharde familielede se harte te versag.

## 16 Iran

Bid vir vervolgde Christene wat gedurende Ramadan honger en dors is omdat hulle in hierdie land met sy Moslem-meerderheid moet vas, dat God aan hulle krag sal gee om

Sy onvoorwaardelike liefde meer as tevore aan Moslems te demonstreer.

## 17 Jordanië

Christene raak toenemend angstig daaroor om hulself op sosiale media uit te druk (selfs rakende plasings oor voedsel gedurende Ramadan) en rapporteer h hoevlak van self-sensorskap om te verhoed dat hulle die Islamitiese meerderheid beledig. Bid vir wysheid vir hulle.

## 18 Libanon

Libanon herdenk groot godsdienstige feeste. h Christen vanaf h Moslem-agtergrond wat in h landelike Moslem-gebied bly, sal dus veroordeel word vir weiering om aan Moslem-feeste soos Ramadan deel te neem. Bid dat God hulle in hierdie maand sal help.

## 19 Irak

Christene rapporteer dat daar toenemende druk vanaf die samelewing is, wat meer monitering, die sluiting van winkels gedurende Ramadan en druk op vroue om hulself te versluiert, insluit. Bid dat die samelewing se harte teenoor Christene sal versag.

## 20 Arabiese Skiereiland

Bid vir die talle geheime gelowiges in die Arabiese Skiereiland gedurende die tyd van Ramadan. Baie van hulle bid en vas saam met die Moslems vanaf sonsopkoms tot sononder om vir die Moslems, waarvan sommige hul familielede is, te bid.

## 21 Sirië

Christene ervaar dikwels h toename in vyandigheid en aggressie gedurende die Moslems se heilige maand van Ramadan. Bid dat dit h vreedsame maand sal wees, sonder gewelddadige optrede en ekstremistiese aktiwiteite.

## **22 Saoedi-Arabië**

Gedurende die Moslem-maand van Ramadan word die druk op geheime gelowiges in Saoedi-Arabië sterker as normaalweg gevoel. Bid vir uithouvermoë vir hierdie gelowiges sodat hulle die druk kan weerstaan.

## **23 Sentraal-Asië**

Bid dat God die regte woorde aan Christene sal gee wat gedurende Ramadan na hul Moslem-vriende en familielede wil uitreik. Bid dat Hy in diegene wat hulle ontmoet se harte sal werk om hulle voor te berei om die goeie nuus van die Evangelie te hoor.

## **24 Koeweit**

Christene sukkel gedurende Ramadan om die regering en hul gemeenskappe se vereistes om te vas, te hanteer. Bid dat hulle krag sal hê om dit te verduur en vir geleenthede om die lig van Christus gedurende Ramadan in hul gemeenskappe te laat skyn.

## **25 Verenigde Arabiese Emirate**

Plaaslike Christene moet hul lewens lei op 'n manier wat deur ander gedefinieer word, soos om nie gedurende die maand van Ramadan in die openbaar te eet en te drink nie. Bid dat God hul liggome sal versterk om aan hierdie vereiste te voldoen.

## **26 Jemen**

Die land volg die strengste interpretasies van Islam. Bekeerlinge kan die doodstraf kry as hul geloof ontdek word. Bid dat God

hierdie bekeerlinge sal beskerm sodat hul geloof nie ontdek word nie.

## **27 Kirgistan**

Inheemse burgers wat hulle tot Christenskap bekeer, ervaar druk en soms fisiese geweld vanaf Moslems in die samelewing. Bid vir hierdie gelowiges se veiligheid en beskerming sodat hulle in staat sal wees om God te aanbid.

## **28 Midde-Ooste**

Talle mense in die Midde-Ooste wat Islam verlaat het en hulle tot Christenskap bekeer het, word deur hul families en gemeenskappe verwerp. Bid dat hierdie gelowiges familie en samesyn in die Liggaam van Christus sal vind.

## **29 Nag van Krag**

Dit word as die heiligste nag vir Moslems beskou, aangesien hulle glo dit is wanneer die engel Gabriel die eerste verse van die Koran aan Profeet Mohammed geopenbaар het en dat enigiets wat op hierdie nag gedoen word, tot baie seëninge sal lei. Bid dat hulle vannag vir Jesus, die bron van alle krag, sal ontmoet.

## **30 Turkmenistan**

Moslem-families, vriende en dorpenaars oefen veral druk uit op bekeerlinge, terwyl die regering ook talle beperkings plaas op die funksionering van Christelike kerke. Bid dat die Kerk in Turkmenistan ondanks dié struikelblokke sal groei.

\*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is vir sekuriteitsredes verander. Alle inligting was teen druktyd korrek.

